MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

8 OCTOBER 2010

Too much careless talk on Communism

"Far too much undiluted communist rhetoric is being used at present, without any regard to the bitter suffering and curtailment of freedoms this system once caused all over the world." says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP).

Botha reacted to speeches by ANC Youth League leader Julius Malema and SADTU boss Thobile Ntola, which had more in common than mere positive remarks about apartheid. "Both, apparently on different sides of the scale, used communist language, with probably Malema, with his calls for nationalisation being even more vocal than Ntola who, on his part, is taking an overtly pro-communist stance against the nationalist minded leaders in the ANC."

"It took the former West Germany, billions of Euro's annually, and twenty years to elevate the former East Germany, to more or less, economic parity. Yet, careless pro communist talks are rife in this country. Malema's references to so called nationalisation 'successes' in Chilli and Venezuela are poor examples – the violent overthrow of the socialist government of Salvador Allende after democracy was installed, post the Pinochet government, and international displeasure with the undemocratic behaviour of Hugo Chavez' government in Venezuela mounting, Venezuela, an oil rich country, struggles and occupies the 124th position on the freedom of the press index. "

"Freedom loving people in South Africa are horrified at the prospect that this country, thanks to the ANC's media curtailment plans, may drop lower than its current 32nd position. What mockery of the term freedom when the ANC claims to have fought for freedom but is doing so much to destroy it."

Te veel onverantwoordelike kommunismepraatjies

"Hopeloos te veel onverdunde kommunistiese retoriek word op die oomblik argeloos gebruik, sonder om 'n oomblik die bittere swaarkry en die inperkings van vryheid wat dit tot gevolg gehad het toe dié ideologie oor die wêreld geswiep het," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen Demokratiese Party (CDP).

Botha het gereageer op toesprake van die leier van die ANC se jeugliga, Julius Malema, en Sadou se vakbondbaas, Thobile Ntola, wat meer in gemeen gehad het as om positiewe geluide oor apartheid te maak. "Beide, skynbaar op die twee uiterstes van die skaal, het kommunistiese taal gebruik, maar Malema was waarskynlik meer luidrugtig as Ntola wat 'n openlike pro-kommunistiese houding teen die nasionaliste in die ANC inneem. "

"Dit het die voormalige Wes-Duitsland miljarde Euro's jaarliks oor twintig jaar geneem om die voormalige Oos-Duitsland op min of meer ekonomiese pariteit te bring. Tog is onverantwoordelike pro-kommunistiese praatjies in dié land volop. Malema se verwysings na sogenaamde nasionaliserings-'suksesse' in Chili en Venezuela is erg misplaas. Na Salvodor Allende se bewind gewelddadig beëindig is en Pinochet se regering afgeloop het, het die land 'n demokrasie gekoester. Internasionale argwaan jeens die ondemokratiese optrede van Hugo Chavez se bewind in Venezuela is aan die oplaai. Venezuela, 'n olieryk land, spartel en beklee die 124ste posisie op die internasionale persvryheidsindeks. "

"Vryheidsliewende mense in Suid-Afrika ril by die gedagte dat die ANC se mediabeperkingsplanne die land tot laer as die 32ste posisie op die indeks kan laat tuimel. Dit klink al hoe belagliker om te hoor die ANC het vir vryheid geveg as die party ook soveel doen om daardie vryhede te vernietig."